# Geklassifiseerd

☎: 041 503 6111 F: 041 503 6039

DIE BURGER

OLX
Waar kopers verkopers ontmoet
www.olx.co.za

**PERSOONLIKE DIENSTE**

**LENINGS** 1445

**GATVOL VIR SKULD?**
R50 000 @ R500.00 PM
R100 000 @ R1 000.00 PM
**041 484 4606**
**081 718 1242**
**ZITA'S OFFICE**
loriscalotter@gmail.com

**BRIDGING CASH**
While you wait for
**PENSION/PACKAGE**
payout (lumpsum only)
**041 363 0245**
**sms/PCM 071 433 0188**

**OP SOEK NA** 1485

**ALL BUYERS & SELLERS**

Ons koop alle huishoudelike meubels en goedere. Van toeka tot nou!Beste kontant pryse aangebied. Gewaarborg! Ons kom haal.
**HERBIE 082 579 1541**

**TE KOOP**

**GESOEK OM TE KOOP** 1675

BIG BUCKS
Big Bucks Swop Shop - Beste pryse vir ongewenste goedere. Ons kollekteer.
**Skakel 041 484 3231 of 082 800 0674.**

**VAKANSIE & REIS**

**AKKOMMODASIE** 2635

**JEFFREYSBAAI**
2-slpk.-ws. Ten volle toegerus. DSTv. Eie braaipl, 300m van strand.
**Vanaf R360 p.n.**
**082 845 2412**

**EIENDOMME**

**TE HUUR** 3205

**MULDER PROPERTIES**
**UITENHAGE**
**Huise/woonstelle**
Bidwellstr (huis) 3B+Gar R4 300pm
Inggs Ave (huis) 3B =2G R3 750pm
Norfolk House (w/s) 2B R2 850pm
Bairdstr (Semi) 2B R2 850pm
Algoastr (w/s) 1B R2 250pm
Johnstr (w/s) Bach/2B/3B R2 000 - R3 500pm
Parkview (w/s) 1B/2B R2 600 - R2 900pm
Cuylerstr (w/s) 1B/2B R2 250-R2 950pm
**DESPATCH**
**Huise / Woonstelle**
Robbertson(w/s) 2B R2 650pm
Gabrita(w/s) 1B.R2 400pm
**BESIGHEID**
**Uitenhage of Despatch**
**KANTORE**
Cuyler. 70m² R3 420pm
Johnstr 60m R3 750pm
Calendonst. 250m² R11 400pm
**Werkswinkels/ Fabrieke/Storing**
Sellickst. 40m² R1 140pm
Mitchellstr. 120m² R2 900pm
Calendonst. 300m² R5 700pm
Oop gronde- verkoop van motors, ens. R1 710pm
M/H Despatch/Uitenhage R500pm
**Nuwe ontwikkelings**
Cuyler-, en Bairdstr. Verskeie opsies. Skakel vir pryse
***Munisipale koste uitgesluit***
Kontak ons by 041 992 4152/3 of Whatsapp 082 558 0215
kim@mulderpropertyrentals.co.za
info@mulderpropertyrentals.co.za

**BETREKKINGS** 3600

**BETREKKINGS GESOEK** 3670

**CHARMAINE** van Somerset-Oos soek inslaap huiswerk in PE. Kan baie goed skoonmaak, was, stryk en kinders versorg. Afrikaanssprekend, hardwerkend en opreg. 073 017 6076.

**GESOEK** 3601

**MARLENE** van Somerset-Oos soek dringend inslaap huiswerk in PE. Kan goed skoonmaak, lief vir kinders en diere. Kontak 081 013 5545.



## Duwayne Bam

*Vandag, my seun, vier jy jou negende verjaarsdag bo in die hemel. Vandag sou jy 'n groot forse man gewees het van 35 jaar oud wat oorval sou gewees het met soentjies en drukkies van gelukwense. Daardie voorreg is ons ongelukkig nie beskore nie, maar in ons harte en gedagtes is jy nog met ons. Baie geluk met jou verjaarsdag, my kind. Mag jy 'n vreugdevolle dag hê daar waar jy nou is. Die wete dat ons weer sal ontmoet maak die gemis na jou draagliker. Soos altyd wens ons net jy was nog hier.*
*Pa, Ma en Ruan*

X1PU7DV5-050315-OS-ckjkle-bam

**WERK** 3600

**ALGEMEEN** 3680

A national fruit processing company is requiring the services of a full-time
**ELECTRICIAN**
Competitive salary with a 13th cheque and provident fund is offered.
Contact Nelis at 082 905 1069
Fax 042 230 1881
E-mail: nelisvn@absamail.co.za
Closing date: 14 March 2015

**KOUKAMMA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**

**KENNISGEWING**

Kennis geskied hiermee, kragtens Artikel 21A van die Wet op Munisipale Stelsels, saamgelees met Regulasie 26 van die Regulasies op Munisipale Begroting en Verslagdoening, dat die Raad, kragtens Artikel 28 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, die aanpassingsbegroting vir die finansiële jaar 2014/15 aanvaar het tydens die Spesiale Raadsvergadering wat op 26 Februarie 2015 gehou is.

Afskrifte van die Aanpassingsbegroting lê in alle Munisipale Kantore ter insae en kan van die Koukamma Munisipaliteit se webtuiste by www.koukammamunicipality.gov.za afgelaai word.

Mnr. S. Nkuhlu
Munisipale Bestuurder
272768(503892) 5/3

X1PU8PC9-050315-OS-ebjkle-koukamma


**Red 'n Lewe!**
**Dankie dat jy my lewe gered het!**
**Suid Afrikaanse Nasionale Bloeddiens**
Tolvry: 0800 11 9031
Volg ons op: Facebook & Twitter
www.sanbs.org.za
5X2BLE0D-070215-OS-ebntho-bloed






**Westering, Rowallanpark, Kabegapark, Bridgemead, Francis Evattpark**
Skakel Amanda Turner - 082 615 5883
**Graaff-Reinet, Boskloof, Humansdorp & Middelburg (Oos-Kaap)**
Skakel Lynette van Taak - 076 073 7391 (Organiseerders, Afleweraars)
**Newtonpark**
Skakel Chris van Huyssteen - 083 772 4054
**Uitenhage**
Skakel Johan v/d Bank - 041 922 4944 of 071 712 1603
**Despatch**
Skakel Antoinette Fourie - 041 933 2571 of 083 6950826

S0EKSEUNS-240115-OS-mgaunc-aflewer

water & sanitation
Department:
Water and Sanitation
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## KENNISGEWING VAN OMGEWINGSIMPAKSTUDIE

VOORGESTELDE ONTWIKKELING VAN FOXWOOD DAM

Kennis word hiermee gegee kragtens die volgende:
- Omgewingsimpakstudie-regulasies (Staatskennisgewing Nr. R. 982 van 4 Desember 2014), kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet Nr. 107 van 1998);
- Die Nasionale Waterwet (Wet Nr. 36 van 1998); en
- Die wet op Minerale- en Petroleumhulpbronne-ontwikkeling (Wet Nr. 28 van 2002).

**PROJEKOORSIG:**

Die uitvoerbaarheid van die voorgestelde ontwikkeling van die Foxwood Dam op die Koonaprivier buite Adelaide in die Oos Kaap word tans ondersoek deur die Departement van Water en Sanitasie (DWS).

Die voorgestelde Foxwood Dam kan moontlik addisionele versekering van toevoer voorsien vir huishoudelike water in die gebied. Die dam kan ook moontlik water voorsien vir 'n besproeiingskema laer stroomaf.

**AANSOEK OM OMGEWINGSMAGTIGING:**

Nemai Consulting is aangestel deur DWS om die Omvangsbepaling en Omgewingsimpakrapporteringsproses uit te voer ingevolge Regulasie 21 tot Regulasie 24 van Staatskennisgewing Nr R. 982 van 4 Desember 2014.

Magtiging word ook benodig vir waterverbruike ingevolge Artikel 21 van die Nasionale Waterwet (Wet Nr. 36 van 1998), sowel as vir steengroewe en leengroewe ingevolge die wet op Minerale- en Petroleum Hulpbronne-ontwikkeling (Wet Nr. 28 van 2002).

**OPENBARE VERGADERING:**

Die volgende openbare vergaring sal gehou word:
- **Datum:** 24 Maart 2015
- **Tyd:** 14:00 - 16:30
- **Plek:** Adelaide Gholfklub, Adelaide

**KONTAKBESONDERHEDE VAN OMGEWINGSIMPAKBEPALINGSPRAKTISYN:**

Kontakpersoon:Donavan Henning
Tel: 011 781 1730
Faks: 011 781 1731
E-pos: donavanh@nemai.co.za
Posadres: Posbus 1673, Sunninghill, 2157
Projekwebblad: https://www.dwa.gov.za/Projects/FoxwoodDam/

NEMAI CONSULTING

**REGISTRASIE AS BELANGHEBBENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTY**

Ten einde te verseker dat u geïdentifiseer word as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party, stuur asseblief u naam, kontakbesonderhede en belange in die projek aan bogenoemde kontakpersoon binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing.

266100(X1PU8N6R) 5/3

X1PU8N6R-050315-OS-ckjkle-water

**VEILINGS**
Yvette 041 503 6010

**KENNISGEWINGS**
Jeanette 041 503 6027

**BETREKKINGS**
Zubeida 041 503 6183

**Faks. 041 503 6039**

Geklassifiseerd
DIE BURGER
10X2KLAS-100215-OS-mgntho-klas

*Nazareth House*

***LIEFDADIGHEIDSWINKEL***

***Handelsure***

***Maan-Vry 9:30 to 15:00***

***1st Sat in maand 9:30 to 12:00***

Ons het 'n groot aanvraag vir donasies van meubels en huishoudelike toestelle. Donasies kan 24 uur per dag by ons sorgsentrum afgelaai word.

***Tel: 041 373 1948***

**Upper Dickens Straat, Central**

**Fondse word vir die versorging van bejaardes aangewend.**

Advertensie-promosie

## Klop die mark oor die langtermyn



**Gesels Geld**
**Pieter Willem Moolman**

Korttermyn-faktore soos politieke onsekerheid in ons land en finansiële krisisse elders kan maklik onsekerheid by beleggers laat ontstaan.

Ons vergeet gou dat opbrengste (rentedraende beleggings uitgesluit) van 'n paar jaar gelede buitengewoon hoog was en dat die plaaslike aandelemark toe vir ten minste vyf jaar goed presteer het.

Dit is ongelukkig ook waar dat hoewel die langtermyntendens opwaarts mag wees, dividende ná periodes van hoë reële opbrengste geskiedkundig laer is. Dit is net logies dat mens nie kan verwag om onbepaald buitengewone hoë opbrengste te geniet nie.

Die miljoenrandvraag is natuurlik hoe aandeelpryse in die toekoms gaan reageer, maar die nare waarheid is dat niemand met sekerheid weet nie.

Aandeelpryse sal altyd wissel, maar vir die langtermynbelegger behoort korttermynskommelinge nie 'n bekommernis te wees nie. Beleggers wat deurlopend belê, vind eintlik baat by doelmarkte as gevolg van die randkoste verspreiding.

Ek dink dit is belangrik om 'n paar beleggingsbeginsels in oënskou te neem om seker te maak jy raak nie paniekerig wanneer jy beleggingsbesluite moet neem nie.

Die belangrikste daarvan is om te onthou dat dit tyd in die mark is wat tel en nie tydsberekening nie.

Mense dink die geheim van suksesvolle beleggings is om te weet wanneer om te koop en te verkoop, maar dis nie maklik om te voorspel wanneer markte gaan styg of daal nie.

Om marktydsberekening toe te pas is stresvol en selde suksesvol. Daarom maak dit meer sin om tyd as jou bondgenoot in te span.

Die tweede beginsel is 'n gediversifiseerde portefeulje wat jou in staat stel om jou risiko te bestuur.

Só 'n plan bestaan gewoonlik uit 'n gebalanseerde beleggingsportefeulje met aandele, effekte, kontant en eiendom wat in plaaslike en internasionale markte belê is.

> **". . . onthou dat dit tyd in die mark is wat tel en nie tydsberekening nie.**

Deur verskillende bateklasse te kombineer verseker jy dat jy nie al jou eiers in een mandjie sit nie. Die totale risiko verminder dus terwyl jy steeds blootstelling tot inflasiewerende opbrengste geniet.

Die derde beginsel is om langtermyn te dink. Navorsing wys beleggers neig om in 'n laat stadium in 'n stygende aandelemark te belê en behaal dan teleurstellende resultate wanneer die mark daal.

Daarenteen hou beleggers verby wanneer die mark daal met die gevolg dat min mense koop wanneer die mark op sy laagste vlakke is.

Oordeelkundige beleggers hou aan om tydens dalings in die mark te belê. Hoe goedkoper aandele word, hoe groter is die potensiële wins wanneer die mark herstel.

Die laaste beginsel is die kwessie van goeie advies. Elkeen se omstandighede en behoeftes verskil en daarom is die oplossing vir jou buurman dalk nie die een vir jou nie.

*Pieter Willem Moolman is die eienaar van PWM Financial Management in Port Elizabeth. Besoek www.pwmfb.co.za of skakel 041 582 3034.*





X1PU33RD-050315-OS-opyste-GELD


DIE BURGER
EKSKLUSIEWE LESERSAANBOD
Vandag se spesiale aanbiedinge word aangebied deur Die Burger en shopguru.co.za. Saam-saam bied ons die beste in die land!





BESTEL NOU AANLYN!
www.shopguru.co.za

Kontak ons by: 0860 666 670 Stuur 'n e-pos na: support@shopguru.co.za

GRATIS AFLEWERING • TERUGSENDINGS • 100% VEILIG
Aangebied deur shopguru.co.za
Betalingsopsies: MasterCard VISA EFO
Volg ons f